

## Hebreërs

### TERUGVOER:

- Wat het vir jou uitgestaan van die preek?
- Is daar enige iets waarvoor jy dankbaar is wat jy met die groep wil deel?
- Volg laas week se volgende stappe op: Laat groepslede deel wat hulle gedoen het na aanleiding van laas week se studie. Hoe het dit gegaan met die “Ek gaan” stelling?

*Bid saam en sê vir die Here dankie vir sy goedheid en hulp in die afgelope week*

### VISIE

Deel weer met die groep die rede vir julle byeenkoms

### AFSKOP

- Jesus het eenkeer vir sy dissipels gevra: wat sê die mense van my? Wat dink julle is die algemene beeld van Jesus tussen mense?
- Hoekom dink julle is dit die geval?
- Hoe dink julle oor God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees?
- Watter invloed dink julle het ons beeld van God op ons verhouding met Hom?

### BESPREKING

#### Agtergrond vir die Leier

Alle kultusse het 'n lae beeld van Jesus. Hulle sien gewoonlik nie Jesus as die Seun van God nie, maar net as 'n profeet of 'n mens. In baie van Paulus se briewe sal ons sien dat daar probleme was in van die kerke en baie keer was Paulus se antwoord op hierdie probleme dat die kerk 'n groter beeld van Jesus kry. Hoe groter ons beeld van wie Jesus is, hoe beter en dieper is ons verhouding met Hom. Hebreërs is 'n boek wat duidelik uitwys hoeveel beter Jesus is as die ou verbond en die ou wette en hoe groot dit is wat Hy vir ons gedoen het. Dit wys ook hoe permanent die nuwe verbond is wat in Jesus Christus is en watter invloed en uitwerking dit op ons lewe het.

#### Bybelgedeelte: Hebreërs 1:1-3

- Wat dink jy beteken dit dat God in die laaste dae nie meer deur profete gepraat het nie, maar deur sy Seun?
- Wat dink jy beteken vers 3?
- Hoe verander dit hoe jy oor God die Vader en God die Seun dink?

## Bybelgedeelte: Hebreërs 4:14-16

- Hoekom is dit belangrik om te besef dat Jesus medelye met ons probleme en swakhede het?
- Wat kom by jou op as jy verstaan dat Jesus deur dieselfde versoekings as ons gekonfronteer is?
- Hoekom is ons bang om na Jesus toe te hardloop as ons sukkel of foute gemaak het?
- Wat beteken dit om met “vrymoedigheid” na God toe te gaan?
- Wat sê vers 16 is die beloning as ons na God toe gaan met ons versoekings en probleme en swakhede?

## GAAN

- Vir wie kan ons vertel wat ons vandag geleer het?

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

- Noem **EEN DING** wat vir jou uitstaan uit vandag se bespreking.
- Wat ervaar jy is EEN DING wat jy moet DOEN in die volgende week?

*Laat groepslede vir 'n oomblik dink en probeer dat elke persoon 'n “ek gaan...” stelling maak van iets wat hy/sy gaan doen hierdie week. Dit moet iets spesifiek wees wat gemeet kan word en waarvoor terugvoer gegee kan word. Dit help dat ons nie net die woord aanhoor nie, maar dit doen.*

## GEBED EN OMGEE

- Wat is jou grootste behoefte of uitdaging op die oomblik in jou lewe?
- Bid vir mekaar en dra mekaar se behoeftes op aan die Here. Gaan met vrymoedigheid na God toe met julle uitdagings.

*Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*